**Olifant Siekte (Benoitiosis**)

Vel Verdikking

Ek het die laaste tyd verskeie navrae oor Olifant Siekte gekry en deel bietjie meer met julle oor die verskynsel.

Let wel die is nie ʼn aanmeldbare siekte nie maar kan tot groot verliese lei indien daar nie vinnig opgetree word nie. Die siekte is hoogs aansteeklik en word veroorsaak deur ʼn protosoa organisme nl. Besnoitia besnoiti wat deur bytende vlieë spesies versprei word.

**Simptome**:

Besmette diere toon ʼn duidelike swelling in die vel wat gepaard gaan met hoë koors. Besmette diere sal nie wil wei nie en is geneig om sonlig te vermy. By wit diere kan ʼn duidelike ver-rooing van die vel gesien word.

Later word die vel dik en hard en vorm dan voue wat gepaard gaan met haarverlies. Die vel begin op hierdie harde dele oop bars en smetterig raak. Hierdie oop gebarste vel lok dan nog meer vlieë.

By bulle kom daar gewoonlik swelling by die testis voor wat inflammasie veroorsaak wat tot gevolg mag hê dat daardie bulle steriel mag raak.

In meeste van die gevalle kan besmetting aan die agterste helfte van die dier waargeneem word

**Behandeling:**

Besmette diere moet dadelik in kwarantyn geplaas word. Dier kan met Oksitetrasiklien of ʼn Sulfa behandel word maar in erge gevalle sal ʼn veearts se hulp ingeroep moet word.

Die oop wonde kan behandel word met wond sproei verkieslik een wat vlieë ook beheer (die meeste van hulle doen wel).

**VOORKOMING:**

Daar kan baie gesê word op voorkoming maar dit kom bassies op die volgende neer:

1) Eksterne parasiet beheer program moet in plek wees.
2) Vlieg beheer. ( Vlieg beheer is nie net die beheer van die volwasse vlieë nie. Die totale lewens-siklus van die vlieg moet beheer word, van die lê van eiers, larwes , uitbroei van die volwasse vlieg, ens.)

**Nota:**

In al die gevalle wat onder my aandag gekom het was dit nie Olifant Siekte nie. Daar is wel baie ander probleme wat soortgelyke simptome by beeste kan veroorsaak soos Skurf meid en oor besmetting van bosluise en steek vlieë.

Dit alles kom neer op eksterne parasiet beheer!

Danie Botha